Verwysing: 20210219-1119
Lêerno.: 12/17/11
Navrae: G. Ismail

e-Leerminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Onderwysers van alle gewone openbare en spesiale skole

Onderwerp: Bekendstelling van *Die Kubereffek*-webinarreeks

1. Die Direktoraat: eLeer het voorheen in 2019 *Die Kubereffek*-konferensies in alle distrikte aangebied. Die volgende herhaling daarvan wat gedurende 2021 aangebied sal word, sal *Die Kubereffek*-webinarreeks wees.

2. Die doel van *Die Kubereffek*-webinarreeks is om kennis van en begrip oor kuberveiligheid te verskaf. Dit bied strategieë vir leiding om kuberveiligheidsonderrig in die kurrikulum en vaklesse te integreer. Die doel hiervan is om:

2.1. 'n sterker kuberveiligheidsbewustheid te kweek en tegnologiese toepassing en opneming in die skoolomgewing te bemagtig; en

2.2. 'n dieper integrasie in die kurrikulum te inkorporeer deur spesifieke onderwerpe wat in die Lewensoriënteringskurrikulum vasgelê is, in te sluit.

3. Die volgende deelnemers is die teikengroep vir die webinarreeks:
   - skoolbestuurspanlede wat verantwoordelik is vir die integrasie en opneming van tegnologie;
   - inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) -kampvegters en IKT-koördineerders by skole;
   - alle onderwysers wat tegnologie of aanlyn platforms vir onderrig en leer gebruik; en
   - die Wes-Kaap Onderwysdepartement se kurrikulumamptenare, kringbestuurders en verwante ondersteunings- en raadgewende dienste.

4. Die program word op die volgende manier gestruktureer:

- Die program word onder vier oorhoofse onderwerpe, waarna as vaandels verwys word, gestruktureer.
- Elke vaandel het twee onderwerpe met inhoud wat onderling verbind is.
- Elke onderwerp bespreek 'n geïntegreerde kurrikulumonderwerp binne die Lewensoriënteringskurrikulum.
- Elke onderwerp sal as 'n webinarepisode aangebied word.
- *Die Kubereffek*-program sal uit 'n versameling van agt webinarepisodes bestaan. Die reeks sal deur onderwysers se professionele ontwikkelingsbaan vir die ontwikkeling van onderwysers, skoolleiers en amptenare bekendgestel word.

5. *Die Kubereffek*-webinarprogramme se tydsraamwerk is soos volg:

	Sessie	**Datum**	**Dag en tyd**
1	Inwerkingstelling van skool se kuberwelstand	15 Maart 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.
2	Skep van veilige digitale leerruimtes	29 Maart 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.
3	Kubersielkunde: Die effek van gebrek aan intoomhouding aanlyn	19 April 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.
4	Sosiale media is onvermydelik: Baan jou weg deur sosiale onderrig	10 Mei 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.
5	Herbedenking van die invloed van kuberveiligheid in onderwys	24 Mei 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.
6	Hoe nou? 'n Klem op verantwoordelike kommunikasie	14 Junie 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.
7	Kubersielkunde: Bemagtiging van die tegno-sosiale kultuur	19 Julie 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.
8	Heldhaftige inhoudskepping	02 Augustus 2021	Maandag, 3:30 – 5:00 nm.

6. Kyk asseblief na die inligtingswebwerf: https://wcedcybereffect.wixsite.com/thecybereffect vir verdere inligting oor kuberwelstand en *Die Kubereffek*.

7. Kom asseblief met u distrik se e-leeradviseurs in die lys hieronder in aanraking vir bykomende inligting oor opleidingsgeleenthede:

	Distrik se kontakbesonder-hede	e-Leeradviseur	Werknommer	e-Posadres
1	Onderwysdistrik Kaapse Wynland	Jaco van Niekerk	023 348 0604	Jacobus.VanNiekerk@westerncape.gov.za
2	Onderwysdistrik Kaapse Wynland	Harriet Lakey	023 348 0604	Harriet.Lakey@westerncape.gov.za
3	Onderwysdistrik Eden & Sentrale Karoo	Eastern Roux	044 803 8334	Eastern.Roux@westerncape.gov.za
4	Onderwysdistrik Eden & Sentrale Karoo	Samuel Bouwers	044 803 8332	Samuel.Bouwers@westerncape.gov.za
5	Onderwysdistrik Metro-Sentraal	Husain Mollagee	021 514 6967	Husain.Mollagee@westerncape.gov.za
6	Onderwysdistrik Metro-Sentraal	Gail Valentyn	021 514 6942	Gail.Valentyn@westerncape.gov.za
7	Onderwysdistrik Metro-Oos	Sipho Didiza	021 900 7103	Sipho.Didiza@westerncape.gov.za
8	Onderwysdistrik Metro-Oos	Jaco Joseph	021 900 7106	Jaco.Joseph@westerncape.gov.za
9	Onderwysdistrik Metro-Noord	Melissa Bailey	021 938 3130	Melissa.Bailey@westerncape.gov.za
1	Onderwysdistrik Metro-Noord	Feargus Ayford	021 938 3059	Feargus.Ayford@westerncape.gov.za
1	Onderwysdistrik Metro-Suid	Deon Khan	021 370 2054	Deon.Khan@westerncape.gov.za
1	Onderwysdistrik Overberg	Darren Dirks	028 2147387	Darren.Dirks@westerncape.gov.za
1	Onderwysdistrik Weskus	Horatio Hart	021 860 1200	Horatio.Hart@westerncape.gov.za
1	Onderwysdistrik Weskus	Auriel Gertze	021 860 1272	Auriel.Gertze@westerncape.gov.za

8. U samewerking in hierdie verband word waardeer en hoog op prys gestel.

9. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut met onderwysers en betrokke belanghebbendes te deel.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-02-22